

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:

Dr. Ernst Endres – 27 Februarie 2022

VOTUM EN SEËNGROET:

Toe die Here die lot van Sion
verander het,
was dit vir ons soos 'n droom.
²Ons het gelag en gesing.
Onder die nasies het hulle gesê:
“Die Here hét groot dinge
aan hierdie mense gedoen.”
³Die Here hét groot dinge
aan ons gedoen;
ons was bly.

SKRIFLESING EN GEBED:

Teks: Sagaria 3

Tema: Geestelike vernuwing!

Inleidend: (Esra 1-6)

Remnants

'n Klein groepie Jode (remnants) keer vol blydskap uit Babilon terug om Jerusalem weer uit die ruïnes te gaan opbou. Hulle begin entoesiasties te bou, maar het baie gou met weerstand te make.

Briewe van Artasasta en Darius

Twee briewe sou hulle lot finaal verander. Koning Artasasta skryf dat die bouwerk onmiddellik gestaak moes word. Onder die aanmoediging van Haggai en Sagaria



gaan hulle egter voort met die bouwerk todat 'n tweede brief aan koning Darius gestuur word. Vyf maande later gee hy opdrag dat die bouwerk aan die tempel voltooi moet word.

Vyf maande: agt nagvisioene

In dié vyf maande stap Sagaria een aand (24 Februarie 519 vC) tussen die ruïnes van Jerusalem deur en daar ontvang hy agt nagvisioene waar die Here vir hom die padkaart vir die toekoms gee:

Visioen 1:

Hy is hartstogtelik begaan oor die Jode en die tempel en Jerusalem gaan weer uigemeet en opgebou word uit sy ruïnes;

Visioen 2:

Hy gaan 'n einde bring aan die nasies wat die Jode al die jare verdruk het;

Visioen 3:

Jerusalem gaan 'n stad sonder mure word. Baie mense en diere gaan in die stad woon. God gaan 'n muur van vuur rondom die stad wees en sy magtige teenwoordigheid gaan binne-in die stad wees.

Die Vierde Visioen: Raadsaal van God

- **Jesua.**

In die vierde visioen verander die toneel. Hy bevind hom in die raadsaal van God en daar staan 'n bekende figuur, Jesua die hoëpriester.

- **Liederlike vuil klere**

Maar hy skrik oor wat hy sien. Jesua het liederlike vuil klere aan en hy stink verskriklik.

- **Satan.**

Voor hom staan die engel van die Here en aan sy regterkant staan die Satan wat hom aankla.

- **Uitspraak.**

Dan sien hy God wat op die troon sit en 'n regspraak lewer:

“Die Here het vir die Satan gesê: Ek sal jou straf, Satan, Ek wat Jerusalem my woonplek gemaak het, sal jou straf”.



- **Geestelike vernuwing.**

Hierdie visioen gaan nie meer oor die bemoedigende toekoms van die Jode nie, maar oor die geestelike vernuwing (spiritual restoration) van die Joodse volk na die ballingskap.

1. OORGEBLEWENES VAN JOODSE VOLKSMOORDE: GERED. (SAG. 3:2)

“Hierdie man is soos ‘n stuk hout wat uit die vuur gered is”.

- Oorgeblewenes van die Babiloniese volksmoord;
- Oorgeblewenes van die Romeinse volksmoord;
- Oorgeblewenes van die Tweede wêreldoorlog;

2. DIE GEESTELIKE TOESTAND EN VERNUWING VAN DIE JOODSE VOLK NA DIE BALLINGKAP

“Jesua het klere aangehad wat liederlik bevuil was.”

(Hebr. Filthy only occurs in this form in vv 3 and 4. It means to be fouled with human excrement).

- **Trek uit.**

Hy het daar voor die engel gestaan, en die engel het vir sy helpers gesê: *“Trek uit dié liederlike vuil klere van hom”.*

- **Satan word bestraf en Jesua word vrygepsreek.**

“Vir Jesua het hy gesê: “Ek het jou jou oortredings vergewe”; (Hebr. Pass over, cross a stream);

- **Trek aan.**

Ek gaan vir jou *skoon klere* aantrek. (Hebr. rich garments, very fine robes; these were white garments);

- **Skoon.**

Hulle moet ‘n *skoon tulband* op sy kop sit.



“Hulle het die skoon tulband op sy kop gesit en hom aangetrek terwyl die engel van die Here daar by staan”.

3. DIE GEESTELIKE BEMAGTIGING VD JOODSE VOLK (SAGARIA. 3:6, 7)

- **Lewe soos God wil.**

Daarna het die engel van die Here vir Jesua belowe: ⁷“So sê die Here die Almagtige: As jy lewe soos Ek dit wil, as jy die voorskrifte vir my diens onderhou,

- **Gesag en verantwoordelikheid.**

Jy sal die gesag hê oor my huis, die verantwoordelikheid dra vir my heiligdom.

- **Toegang.**

Jy sal toegang tot My hê, net soos hierdie engele.

SAMEVATTEND:

- **Hout uit vuur gered:** Enigste oorgeblewens wat uit die vuur van die Babiloniese “holocaust”(volkmoord) gered is.
- **Vuil klere:** Hulle het liederlike vuil klere aan wat stink en so kan hulle nie die toekoms ingaan nie.
- **Vernuwing:**
 - **Fees klere** – Die liederlike vuil klere word uitgetrek en hulle ontvang nuwe feesklere met ‘n skoon tulband.
 - **Vrygespreek** – Die Satan word bestraf en God spreek hulle vry – beweeg aan; crossing the river!
 - **Bemagtig** – Hulle ontvang nuwe gesag met nuwe verantwoordelikhede, asook permanente toegang tot God.
 - **Gereed** – Hulle is gereed vir die nuwe toekoms.



SEËNBEDE:

²Mag die Here u gebed verhoor
op die dag van nood,
mag die Naam van die God van Jakob u beskerm.

³Mag Hy u te hulp kom
uit die heiligdom,
u bystaan uit Sion.

⁴Mag Hy al u graanoffers onthou
en u brandoffers aanneemlik vind.

⁵Mag Hy u gee wat u hart begeer
en al u voornemens laat geluk.

⁶Ons sal juig oor u oorwinning
en in die Naam van ons God
die vaandels ontplooi.

Mag die Here alles gee wat u vra.

OFFERGAWE:

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapscan betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins erediens).

Vir meer inligting kontak die kerkkantoor:

kantoor@ngkerkwonderpark.co.za

Ondersteun asseblief ons borge! Vandag se erediens is geborg deur:



HAVE A PEACE OF MIND WITH A WATER-SAFE CHILD!

ROMERO Swimming School



Swimming Lessons safe & fun at an established swimming school that has been operating in CHANTELLE situated in AKASIA for 25 years

We offer lessons to nursery schools in the area from 3 years with FREE transfers to and from the swimming school. Lessons are done all year round in an indoor HEATED pool with fully qualified swimming instructors in the water with the students.

Training 1x per week during school hours
(specific schedule for each school).

We do NOT force, We ENCOURAGE all the students through fun and innovative methods.

Registration forms with more information available at your school

Fore more information contact:

Romero Admin office @ 064-897 1321

Romeroswim@gmail.com

